BEROEPENUUS– (9 Junie 2013) ***Beroepe ontvang*** Ds. J.C. van Dyk van Ventersdorp na Durban/Amanzimtoti kombinasie ***Beroepe aanvaar*** ***Beroepe bedank***	Ds. Hennie (JH) Coetzee– emeritus predikant van Gereformeerde Magol is in die week skielik oorlede. Ons bid sy eggenote sr Wouda en familie die troos van die Heilige Gees toe.

Is mense ryp vir gereformeerde getuienis? (Prof. GJC Jordaan)

Die samelewing ryp vir 'n gereformeerde getuienis? *(vervolg van verlede week)*

Die eerste woorde van die Dordtse Leerreëls is: "Alle mense het in Adam gesondig en hulle aan die vloek van die ewige dood skuldig gemaak." Ook die Nederlandse Geloofsbelydenis handel in artikels 14 en 15 oor die aangebore boosheid wat uit die mens "opborrel soos water uit 'n giftige fontein". Daarin praat ons belydenisskriftedie Bybel na (byvoorbeeld Job 16:4; Ps. 14; Rom. 7:23).

Vir die humanisme is hierdie gereformeerde mensbeeld onaanvaarbaar.

•Dit is vernederend vir die mens om te hoor dat hy uit homself tot niks goeds in staat is nie. Veel eerder ontvang hy die goeie getuigskrif van die humanisme wat vertel hoe goed die mens in homself is.

•Die mens ervaar die gereformeerde leer van bekering van bose werke en heiligmaking as 'n beperking op sy eie begeertes. Daarom skaar hy hom veel eerder by die humanistiese strewe na vryheid van spraak, vryheid van godsdiens en ander vryhede van optrede. *Word vervolg...*

GEMEENTEKAMP– Ons jaarlikse gemeentekamp vind DV. hierdie jaar 20-22 Sept. 2013 plaas. Ons wil dit naby Pretoria hou by Mopani-lodge. Al die gegewens is op die kennis-gewingbord. Die kostes is duidelik uiteengesit. Kom ons skryf ons name op van wie almal saamgaan. As daar enige onduidelikheid, probleme of hulp is wat u verlang om die kamp by te woon kan u oudl. Boere Smith kontak– 0834823303. Ons is dankbaar vir die reëlings wat br. Boere en die kommissie klaar getref het. Ons maak dit vir hulle makliker en voltooi solank ons inskrywings en doen ons inbetalings. Merk net duidelik *Gemeentekamp*

10/06– Theuns Kruger 0827833629	14/06– Tanisha Venter 0844053309
11/06– Mercia Coertze 0716412289	15/06– Marius le Roux 0825802232
11/06– Ruan Raath 0832948100	15/06– Johan Wolmarans 0829561640
12/06– Stephanie Keulder 0716885541	15/06– Pieter Wolmarans 0832800816
14/06– Frik Eloff 0825790745	16/06– Conrad Burger 0544311035
14/06– Sumari Putter 0127521314	16/06– Tjaart (TAP) de Beer 0826666139
14/06– Louis van Dyk 0124605964	16/06– ds. Hennie de Villiers 0761734857
	Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur

Baie geluk m met u verjaarsdag

Voordat ons hom deur die reënwolke sien breek het, vind ons nie uit hoe pragtig die sonskyn is nie –CJ Langenhoven

Die Krugertjie

09 Junie 2013

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Rheeder
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za
Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar 012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing:1 Thessalonicense 4:13-18
Teks: 1 Thessalonicense 4:14,17
Sing: Ps.150:1,3; Ps. 19:4; Ps. 90:8,9; Ps. 148:1,3

DIE HERE TEGEMOET IN DIE LUG

My en jou toekomsverwagting is ingesluit in wat ons hoop moet wees. Baie keer is ons oor die toekoms onseker. Dit is presies wat Paulus hier aan die einde van hfst. 4 op wys. Ons weet nie wat die toekoms nog vir ons inhou nie. Tog weet ons WIE die toekoms in sy hande het. Al weet ons nie WAT om in die toekoms te verwag nie. Ons weet wel WIE om te verwag. Ons Here Jesus Christus wat weer na ons gaan kom.

Die Here wil dat ons 'n lewende verwagting moet hê. Dit is ook een van die groot redes waarom hierdie gedeelte hier geskryf staan.

KATKISASIE– Katkisasie gaan voort.

TWEEDE EREDIENS– (ná katkisasie)
Skriflesing: Mattheus 21:12-17; Kolossense 2
Kategismus: Sondag 27
Teks: Mattheus 21:15-16; Kolossense 2:9-12
Sing: Ps. 119:51, 55; Ps. 89:2; Ps. 81:12, 15

AAN KINDERTJIES BEHOORT DIE KONINKRYK!

Die koninkryk van God behoort aan kindertjies, maar dan is daar weliswaar mense wat wil redeneer dat die doop mag nie aan kinders behoort nie!

Ons gaan vandag weer kyk na die doop, die wese van die doop, óók die kinderdoop. Ons belydenis is al 'n tweede keer met die doop besig.

Ons belydenis oor die doop is binne almal se bereik, ons moet net weer begin om met die belydenis te werk!

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 8 en 10
Ouderlinge: Ulbe de Ronde
Diakens: Gerhard Krüger en Nico Venter

Volgende Sondag– Wyke 11 en 12
Ouderlinge: Andries du Plessis en Boere Smith
Diakens: Stephan du Plessis en Bernard Vorster

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Sr Jansie van Tonder, ons oudste lidmaat (102 jaar) se toestand is op die oomblik wonderbaarlik beter. Sy sterk aan in ‘n kliniek in Bloemfontein. Ons bid haar en al die familie die Here se nabyheid en ontferming toe. **Br Piet van der Kooi** is wel uit die hospital ontslaan. Hy is nou in Vergenoeg. Ons gebed is dat die Here in die tyd sy hand oor hom en sy geliefdes sal vashou. **Sr Petro Riphagen** is in die Eugene Marais hospitaal met trombose in die arm. Ons vertrou dat sy spoedig mag herstel en bid haar volkome herstel toe. **Br. Lukas Huisman** was ook die grootste deel van die week in die hospitaal met nierstene. Ons is dankbaar dat hy Saterdag ontslaan kon word. Ons bid hom volkome herstel toe. **Br Dries de Ridder** word aan die genatroon van die Here opgedra en volle herstel toegebid. **Br Jan du Plessis** is besig om na sy knie-operasie te herstel. Dit is maar ‘n seer en stadige proses. Ons vertrou dat dit ‘n sukses mag wees en hy volkome mag herstel. **Sr Hester van Vuuren** het geval en ernstig seergekry. Haar heup is ook gebreek. Sy is wel uit die hospitaal ontslaan maar die heup is nog nie herstel nie. Ons dink aan haar en bid dat daar vir haar uitkoms mag wees. . **Br Willie Buys** ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. .**Sr. Lenie Labuschagne** wat vir lang tye nie meer in staat is om eredienste by te woon nie, word aan die genadetroon van die Here opgedra. Sy woon in Huis Davidtz. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

WEBWERF / BAKKIESBLAD

– Al die jongste preke, gebeure en Krugertjies kan afgelaai word op ons webwerf of op ons facebook: Webblad is http://bit.ly/XLiTlk
Facebook is on.fb.me/14sXfbM

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Ekuminisiteit Instand-houding
16/06/2013 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Teologiese Biblioteek Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
10/06	Omkeerstrategie Krugersdorp-Wes gemeente– ds. Petrus
11/06	Finans-Advies vergd
13/06	Kerkraadsvergd
21/06	Skole sluit
15/07	Skole begin

SUSTERS-

BESKUITPROJEK VIR BEJAARDE LIDMATE–

Met groot dank aan almal wat bestanddele geskenk het, is die susters dankbaar dat dit voldoende is. Die proses om beskuit te bak kon reeds begin...

SUSTERS EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Daar is nog min reaksie op versoek om blikkieskos en ander nie-bederfbare produkte aan kinderhuis te skenk. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u ‘n R25-00 bydrae.

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 4

4:5 – Dak van die Tempel – Teenoor spekulasies oor waar presies op die Tempel, kan ons net antwoord dat dit gesê sou word, as dit belangrik was.

4:6. Daar is geskrywe – Ook weer soos met Eva se versoeking in die Paradys, wil Satan God se Woord gebruik, maar verdraai. Hy gebruik die woorde van Ps 91:11,12, maar laat die woorde uit: “om jou te bewaar op al jou weë.” So word die Woord al die eeue al verdraai deur mense. Daar bygevoeg en weggelaat om `n eie betekenis te gee. Daarom die vloek van Openb 22:18-19 oor wie weglaat of byvoeg. Dit gaan hier oor God se bewaring. Daarom bring Satan Jesus juis na die Tempel. Daar, waar God se teenwoordigheid onder Israel uitgebeeld word, moet Jesus mos weet om op Hom te vertrou, al spring Hy van die dak af. Satan wil daarmee Jesus versoek om Sy Godsvertroue te toon.

4:7… óók geskrywe – Satan loop hom vas in Jesus, wat Self die vleesgeworde Woord is en Self God. God mag nie versoek word nie. Dit is soos bv waar mense aan God `n tydsbeperking wil stel om verhoor te word. (`n Voorbeeld word in die apokriewe boek Judit – 8:12 – gevind waar die mense van Bethulia dit sou gedoen het.)
Jesus se antwoord hierby gaan ook weer oor gehoorsaamheid aan God.

4:8. Hoë berg – Letterlik kan van geen enkele berg af die hele aarde gesien word nie. Hier word dit seker visioensgewys bedoel, terwyl `n deel van die groot afstande van die aarde gesien kan word. Oor Satan se valse verklaring dat hy koning is hiervan, is reeds gepraat. Hy bied aardse glorie aan, terwyl **God se glorie** tog die aarde vul. In hierdie deel van sy verleiding wil hy vir Jesus die aardse glorie aanbied, wat sou strook met die Fariseërs se Messiasverwagting.
Eintlik lê die verleiding hier daarin dat Satan Jesus wil oorreed om die Koningskap te aanvaar sonder dat Hy daarvoor hoef te ly. “Neem die maklike pad.” Dit is ook `n versoeking waardeur vele verlei word om te sondig.

4:9. My aanbid – Hy wou hê dat Jesus hom as sy meerdere erken. Sy versoekings gaan altyd oor die **tydelike gewin**. Daarom dat satanis te en mense wat heksery beoefen hulle “verkoop” aan die duiwel, om sogenaamde bomenslike kragte te kry.

4:10 – Hoewel Christus se Godheid bedek was, bly Hy steeds God. Soos Sy Godheid Hom na Sy mensheid aan die kruis gedra het, was hierdie Natuur van Christus altyd verenig met Sy mensheid. Daarom word Satan hier weereens met die geweld van die Woord verslaan.

Oor die vraag “Tot wie moet gebid word ?” verwys Totius na Jesus se woorde hier dat dit tot God alleen is. Dit sê hy veral teenoor die voortdurende aanspreek van Jesus alleen in mense se gebede. Dr Herman Bavinck word aangehaal uit sy Dogmatiek, III, bl 302, waar hy die volgende stel: “Die Middelaarswaardigheid en die middelaarswerke kan en mag motiewe (drangredes) van aanbidding wees, soos allerhande weldade ons noop tot aanbidding van God. Hulle kan ook in sover gronde van aanbidding heet as wat daarin die Goddelike Wese werk en Hom openbaar; ***maar fondament van die aanbidding is die God-syn alleen.”*** [My eie beklemtoning.] Mens aanbid, dank en eer **God Drie-Enig** dus ook oor Sy werk in Christus. *`n Ou kerkvader, A Brakel, sê ook oor Matt 4:10 “so is dan ook die Middelaarsamp of die begaafde natuur (van Christus) nie grond van aanbidding nie.”*
Maar wat van aanbidding van Christus, waar ons tog in die Woord lees ? Thomas sê vir Hom “My Here en my God !”, en ons hoor in Openb 5:9 “U is waardig”, in `n lofbede. In beide gevalle word Jesus **na Sy Godheid** aangespreek en geloof. God Drie-Enig word aanbid. *Totius sê dit ook, dat almal saamgestem het “dat Christus ook as Middelaar aanbid en vereer moet word. Maar . . . dat die gronde vir dié aanbidding alleen in die Godheid van Christus geleë is.” Hy spreek nog `n hele aantal sake hierby aan, maar ons kan vir ons doel hierby bly staan.*
[Net `n opmerking hierby. Gesien dat ons nie God die Seun *alleen* aanspreek in die gebed nie, is dit foutief om tot God te bid dat ons Hom dank dat Hy vir ons gesterf het. Dit is `n fout wat maklik gemaak word, veral omdat gebed tog velemale ook met spanning en inspanning gepaard gaan. Net die Seun het gesterf, en dit slegs *na Sy mensheid.* God is immers onsterflik.] *word vervolg*

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

22 Mei 1874- Dr. DF Malan gebore; *27 Mei 1874–* Eerste deel van Dorslandtrek begin; *28 Mei 1911–* ds. SJ du Toit oorlede; *31 Mei 1844–* Anneksasie van Natal deur England; *1 Jun. 1886—* Eerste sooi omgespit van Delagoabaai spoorweg; *5 Jun. 1652–* Eerste blanke kind in Suid-Afrika gebore; *10 Jun. 1855-*Verkiesing J Boshoff pres van die Vrystaat; *10 Jun. 1840-* Ds. Dirk Postma geëksamineer en beroepbaar gestel; *24 Jun. 1881–* Mev. Maria du Toit (Postma –egg Totius) gebore